

A Die tyd van die laaste plaë. Openbaring 15.

- ❖ Elke mens op aarde het die geleentheid gehad om te kies tussen aanbidding van God of die dier. Johannes sien die oorwinnaar, diegene wat God aangeneem het.
- ❖ Die toneel verander na die hemel (v. 5). Uit die tabernakel kom rook (Ex. 40:34-35; 1K. 8:10-11). Die bemiddelingswerk in die Hemelse Heiligdom is klaar. Die tyd van genade het tot 'n einde gekom.

B Die eerste plaë. Openbaring 16:1-11.

- ❖ Hierdie plaë is soortgelyk aan dié wat in Egipte plaasgevind het. Hulle openbaar die verharde hart van diegene wat besluit het om die dier te aanbid (v. 2 en 9) en die onvermoë van die duiwel wat nie sy aanbidders kan beskerm nie (v. 10-11).
- ❖ Na die verwoestende gevolge van die eerste vier plaë, draai die wêreld na die dier en vra vir hulp. Maar die dier kan hulle nie help nie (sy troon is simbolies in duisternis gehul).

C Die sesde plaag.

❖ Eufraatrivier is opgedroog. Openbaring 16:12.

- Die Eufraatrivier was letterlik opgedroog toe die ou Babilon in Kores se hande geval het.
- Pousdom kan nie die mense help nie, dus draai dit na die afvallige Protestantisme. Uiteindelik verloor albei al die ondersteuning van die mense en dit is tyd dat Jesus terugkom om te neem wat Syne is (v. 15).

❖ Die drievoudige sataniese boodskap. Openbaring 16:13-14.

- Satan stuur 'n driedubbele boodskap as 'n vervalsing van die drie-engele boodskap in Openbaring 14. Om dit te doen gebruik hy spiritualisme (die draak), die pousdom (die dier) en die afvallige Protestantisme (die valse profeet).
- Op daardie oomblik het God Sy Heilige Gees reeds verwyder van diegene wat Hom nie aanvaar het nie. Hulle sal maklik deur die duiwel se tekens en wonderwerke mislei word, en hulle sal weer na hom terugkeer (sien 1 Thessalonicense 2:11-12).
- Die einde is op hande: "Kyk, ek kom soos 'n dief" (v. 15). Satan val vir die laaste keer aan.

❖ Die slag van Armageddon. Openbaring 16:15-16.

- Armageddon beteken "berg van Megiddo" in Hebreeus. Daar is geen plek met die naam nie, maar daar is 'n gebied in Palestina genaamd "Megiddo."
- Met die laaste aanval probeer Satan die mense wat steeds getrou aan God bly, vernietig. ***Ons maak gereed om in die laaste stryd getrou te bly, omdat ons alreeds besluit het om in vandag se versoekings gerou te wee.***
- Die aanval sal deur die sewende plaag onderbreek word (v. 17-21). Dit sal gebeur net voor "ons die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus." (Titus 2:13)